

Tema: Verdubbelde, dubbele sekerheid oor die rede vir ons blydschap

Voorlesing: Johannes 16:5-24

Preekteks: Johannes 16:20-24

Jesus was lief daarvoor om die woord “amen!” te gebruik en dit dan ook nog te herhaal om die waarheid te beklemtoon. So ook in ons teks:

“Voorwaar, voorwaar (letterlik: “amen! amen!”) Ek sê vir julle, julle sal ween en rou bedryf, maar die wêreld sal bly wees. En julle sal bedroef wees, maar julle droefheid sal in blydschap verander.” (v 20)('53-vertaling)

En: *“Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy gee. Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.” (v 23b en 24)('53-vertaling)*

In elkeen van hierdie uitsprake hoor ons die dubbele “amen!” van Jesus. Hy sê dit twee keer in dieselfde gesprek. Dus: verdubbelde, dubbele sekerheid.

In die eerste uitspraak verwys Hy na die FEIT van sy sterwe en opstanding. Hulle gaan hartseer wees oor sy kruisiging, maar hulle gaan verseker blydschap beleef wanneer hulle Hom na sy opstanding sien. Dit het werklik so gebeur.

In die tweede uitspraak verwys Hy na die VRUG van sy kruisdood en opstanding uit die dood. Alles wat hulle voortaan in sy Naam van die Vader vra, sal die Vader vir hulle gee. Dit sal hulle blydschap volkome maak.

Van die eerste versekering kan ons saam getuig. Ons herdenk dit wat gebeur het met die inneem van die brood en wyn. Die droefheid oor ons sonde (die rede vir sy kruisiging) gaan oor in blydschap oor die vergifnis van ons sonde en die gawe van die Heilige Gees (die gevolg van sy opstanding en hemelvaart).

Van die tweede versekering kan ons nie altyd getuig nie. Die rede daarvoor is dat ons nie waarlik in sy Naam bid nie. Ons moet nog leer om in

sy Naam te vra wat ons nodig het ter wille van Hom, sy eer en die opbou van sy gemeente. Te dikwels bid ons bloot net vir ons self, ons eie voorspoed en gesondheid. “Om Christus ontwil, amen.” word dikwels betekenislose formele afsluiting van ons gebed, sonder dat ons werklik iets “om sy Naam ontwil” van die Vader afgesmeek het.

As ons egter waarlik in sy Naam en in sy belang vra wat ons nodig het, sal ons die blydschap van gebedsverhoring ook beleef. Verseker.

Amen